## DEPARTEMENT VAN VERVOER

**NO. 180** **15 FEBRUARIE 2016**

## DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

**NASIONALE ROETE 4: HANS STRYDOM WISSELAAR (PRETORIA) NA DIE GAUTENG / MPUMALANGA GRENS EN MAPUTO ONTWIKKELING KORRIDOR TOLPAAIE: PUBLISERING VAN DIE TOLBEDRAE VIR DIE VERSKILLENDE KATEGORIEë VAN MOTORVOERTUIE, EN DIE DATUM EN TYD VANAF DIE TOLBEDRAE BETAALBAAR WORD**

Die Hoof van die Departement maak hierby, kragtens die bepalings van artikel 28(4) saamgelees met artikel 27(3) van Die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en Nasionale Paaie Wet, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998) [die Wet], bekend dat die tolbedrae wat kragtens artikel 28(2) van die Wet gehef sal word by die tolplazas geleë op die Hans Strydom Wisselaar (Pretoria) na die Gauteng / Mpumalanga Grens en Maputo Ontwikkeling Korridor Tolpaaie, en die datum en tyd vanaf die tolbedrae betaalbaar word, kragtens artikel 27(3)(a) van die Wet deur die Minister van Vervoer bepaal is, en dat genoemde bedrae kragtens artikel 28(4) saamgelees met artikel 27 van die Wet gehef sal word, soos in die Bylae uiteengesit.

**Mnr P G Selepe**
**DIREKTEUR-GENERAAL: VERVOER**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## BYLAE

### 1. WOORDOMSKRYWINGS

Die volgende woorde en uitdrukkings sal die betekenisse hê soos uiteengesit, tensy dit uit die samehang anders blyk.

1.1 **"Abnormale voertuig"** beteken 'n motorvoertuig wat die wettige afmetings, soos beskryf in die Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996), soos gewysig, of in enige ander wet oorskry.

1.2 **"As"** beteken 'n toestel of stel toestelle, hetsy onafgebroke oor die breedte van die voertuig of nie, waarom die wiele van die voertuig ronddraai en wat so geplaas is dat wanneer die voertuig reguit vorentoe ry, die vertikale hartlyne van sodanige wiele in een vertikale vlak reghoekig met die langshartlyn van sodanige voertuig is. As sal ook 'n as insluit waarvan die wiele opgelig en nie in kontak met die padoppervlak is nie.

1.3 **"Swaar as"** beteken 'n as waarvan die wiele toegerus is met bande met 'n grootte (spanranddeursnee) groter as 406,4 millimeter (16 duim), of 'n as met meer as twee (2) wiele, ongeag die bandgrootte, maar nie 'n as van 'n motorfiets, 'n motordriewiel of 'n motorkar nie.

1.4 **"Swaar voertuig"** beteken 'n motorvoertuig met minstens een swaar as en/of 'n motorvoertuig wat ontwerp of aangepas is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van meer as sestien (16) persone.

1.5 **"Ligte afleweringsvoertuig"** beteken 'n motorvoertuig wat ontwerp of aangepas is vir die vervoer van persone en vrag met geen swaar as soos omskryf in paragraaf 1.3 hierbo nie.

1.6 **"Ligte voertuig"** beteken 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n swaar voertuig.

1.7 **"Motorkar"** beteken 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets of motordriewiel, wat ontwerp of aangepas is uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van hoogstens sestien (16) persone, maar uitgesluit enige voertuig met meer as twee (2) wiele, ongeag die bandgrootte, op enige as.

1.8 **"Motorfiets"** beteken 'n motorvoertuig met twee wiele en ook enige sodanige voertuig waaraan 'n syspan geheg is.

1.9 **"Motordriewiel"** beteken 'n motorvoertuig, uitgesonderd 'n motorfiets met syspan, wat drie wiele het en ontwerp is om bestuur te word deur middel van die tipe kontroles waarmee 'n motorfiets gewoonlik toegerus is.

1.10 **"Motorvoertuig"** beteken 'n entiteit bestaande uit een of meer meganies/elektries aangedrewe eenhede met of sonder sleepwa of sleepwaens wat fisies aan mekaar gekoppel is deur middel van sleepstange, sleeptoue of meganiese geleding en sluit onder andere in:

(a) 'n motorfiets;
(b) 'n motordriewiel;
(c) 'n motorkar;
(d) 'n voertuig met pedale en met 'n meganies/elektries aangedrewe eenheid as 'n integrerende deel daarvan of daaraan vasgeheg en wat ontwerp of aangepas is om of deur middel van sodanige pedale of deur middel van die meganiese/elektriese eenheid of deur albei voortbeweeg te word; en
(e) 'n ligte afleweringsvoertuig ('n bakkie).

1.11 **"Sleepwa"** beteken 'n voertuig wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n motorvoertuig getrek te word, maar sluit nie 'n syspan wat aan 'n motorfiets vasgeheg is in nie.

**2. KATEGORIEë VAN MOTORVOERTUIE**

***Klas 1:*** ***Ligte voertuie:***
Ligte voertuie is motorvoertuie, uitgesonderd swaar voertuie soos hierbo omskryf, met of sonder sleepwa, en sluit motorfietse, motordriewiele en motorkarre in.

***Klas 2:*** ***Medium swaar voertuie:***
Medium swaar voertuie, is swaar voertuie, soos hierbo omskryf, met twee asse.

***Klas 3:*** ***Groot swaar voertuie:***
Groot swaar voertuie, is swaar voertuie, soos hierbo omskryf, met drie of vier asse.

***Klas 4:*** ***Ekstra groot swaar voertuie:***
Ekstra groot swaar voertuie, is swaar voertuie, soos hierbo omskryf, met vyf of meer asse.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**3. TOLTARIEF**

3.1 Die tolbedrae vir die verskillende kategorieë voertuie betaalbaar by die tolplazas geleë op die Hans Strydom Wisselaar (Pretoria) na die Gauteng / Mpumalanga Grens en Maputo Ontwikkeling Korridor Tolpaaie, vir die gebruik van 'n gedeelte van 'n tolpad (of enige deel daarvan), is uiteengesit in Tabel 1.

| **TABEL 1: TOLTARIEF** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ROETE | PLAZA | | KLAS 1 | KLAS 2 | KLAS 3 | KLAS 4 |
| N4 | Donkerhoek | Op- en Afrit | R11.00 | R15.00 | R22.00 | R42.00 |
| N4 | Cullinan | Op- en Afrit | R13.00 | R22.00 | R32.00 | R54.00 |
| N4 | Diamond Hill | Hooflyn | R32.00 | R44.00 | R83.00 | R137.00 |
| N4 | Valtaki | Op- en Afrit | R25.00 | R35.00 | R50.00 | R114.00 |
| N4 | Ekandustria | Op- en Afrit | R19.00 | R28.00 | R39.00 | R78.00 |
| N4 | Middelburg | Hooflyn | R53.00 | R114.00 | R172.00 | R227.00 |
| N4 | Machado | Hooflyn | R78.00 | R217.00 | R317.00 | R452.00 |
| N4 | Nkomazi | Hooflyn | R59.00 | R120.00 | R174.00 | R251.00 |

**4. OPERASIONELE URE**

4.1 Die genoemde tolpad sal 24 uur per dag oop wees vir verkeer.

**5. INWERKINGTREDINGSDATUM**

5.1 Die datum en tyd vanaf die genoemde tolbedrae betaalbaar word, is 01 Maart 2016 om 00:00.